NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 2 MAART 2025

AGSTE SONDAG VAN EPIFANIE

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Ds Johan Janse van Rensburg

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Deuteronomium 26:1-11; Psalm 91:1-2, 9-16; Romeine 10:8b-13; Lukas 4:1-13

SONDAG, 2 MAART	
09:00	Oggenddiens – Ds Annelet Slazus Bevestiging van ds Johan Janse van Rensburg Kleuterkerk op verhoog Deuroffer ten bate van: Bediening aan Dowes Erediensspan 2 – Elsa Welman
GEEN	Kinderkerk en Senior Kategese
	Na afloop van die oggenddiens • Gemeentetee in die saal
MAANDAG, 3 MAART	
18:00	Kooroefening
19:00	Sportmanne Bybelstudie in konsistorie
19:00	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 4 MAART	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
19:00	Basaarkonvenorvergadering
WOENSDAG, 5 MAART	
	ASWOENSDAG
09:30	Vroue Bybelstudie
09:30	Othello Biduur
	Kommissie verslae inhandig by kerkkantoor

DONDERDAG, 6 MAART
Sopbeurte: Carina de Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Luci Mulder, Heléne Steenkamp, Suzette Engelbrecht, Delean Coetzee
VRYDAG, 7 MAART
18:30 **Wêreldbiddag vir Vroue** – sien elders vir meer inligting
SATERDAG, 8 MAART
09:00 **Wêreldbiddag vir Mans** – sien elders vir meer inligting
SONDAG, 9 MAART
EERSTE SONDAG VAN LYDENSTYD 09:00 Oggenddiens – ds Johan Janse van Rensburg intree preek Kleuterkerk en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Huis De Kuilen Erediensspan 3 – Neels Kruger **Na afloop van die oggenddiens** • Senior Kategese • Gemeentetee in die saal

GEMEENTENUUS

1. Die volgende lidmaatskap is ontvang:
   Ds Johan Janse van Rensburg vanaf Nieuwoudtville
2. Tannie Chrissie Gerber (Pionierstraat) is baie swak en verduur baie pyn. Haar familie is opreg dankbaar vir almal se voorbidding en vra dat ons nie sal ophou om haar elke dag aan die Here op te dra nie. Sy is 96 jaar oud.
3. Ruald (Brackenfell), seun van Dewald en Minette Coetzee, het erekleure in akademies gekry by Bellville Höerskool. Rudi en Mari Swart is die grootouers.
4. Heinrich, seun van Etienne en Romeene Buhr (Zevenzicht) en kleinseun van Hennie en Lizette Rootman, het WP kleure in atletiek behaal. Hy het goud in hoogspring en brons in verspring behaal.
5. AJ Weyers het ook WP kleure in atletiek behaal in die items hekkies en hoogspring. AJ se ouers is Elton en Janneke Weyers.
6. Louis Hurter (Othello) ondergaan in die komende week ‘n mediese prosedure.
7. Gerrie Bester (Gladiolistraat) is uit die hospitaal ontslaan.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 12 Maart 2025 om 19:00. Verslae vir hierdie vergadering moet by die kerkkantoor ingehandig word teen 5 Maart 2025.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

02/03 Louis van Wyk, Helgard Grundling, Kobus Snyman, Gemma Filies
03/03 Trienie Botes(80), Japie Kitshoff, Tiaan Blomerus
04/03 Dolores Esterhuizen, AC Visser(85), Wilma Roux, Daniel Muller
05/03 Mark White(85), Daniël Geldenhuys, **Ilse Myburgh**
06/03 Rudolph Bester, Johan van Schalkwyk, Bettie Nothnagel(95), Jacques Orffer
07/03 Jana van Zyl, Anay van Zyl, Hannes Steyn, Jo Geyer, Philip Smith(84), Hanro Voigt, Cobus Burger
08/03 Estelle Snyman(82), Anneke Lategan, Esmé Louw, Juan Pienaar, Charl Venter, Ruda Thiart(88)

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Bediening aan die Dowes

Dowes word bedien deur twee gemeentes: De la Batgemeente vir Dowes in Bellville en Die Dowe Familie Kerk (De la Bat) in Worcester. Die Dowe Familie Kerk (De la Bat) in Worcester bedien ook Dowes by die De la Bat-skool en die Nuwe Hoop-sentrum vir gehoorgestremdes. De la Bat-Bellville bedien onder andere die Rusoord-tehuis vir bejaarde-, fisies-, doof-blinde en meervoudig-gestremde Dowes. Saam bedien beide gemeentes ongeveer 1 200 Dowes woonagtig in die Suid-Westelike deel van die land. Met bedieningspunte in Bellville, Strand, Wellington-Paarl, Atlantis, Malmesbury, Moorreesburg, Worcester en uitreike na Ceres en George word ongeveer 600 Dowe kinders, 56 meervoudig-gestremde Dowes, 70 bejaarde Dowes en ook 60 Dowe studente (NID-kollege) geestelik bedien. Die gemeentes doen baanbrekerswerk in die ontwikkeling van kategese materiaal vir Dowes, ontwikkeling van 'n liturgie vir dowes, "sang", en die aanwending van die nuutste tegnologie vir die bediening aan Dowes. Bid vir die werk en die voortgang daarvan totdat elke Dowe kan bely: "Jesus is die Here".

Tel: 023 110 0145
Epos: relations.fr@nid.org.za
Webwerf: www.nid.org.za/congregations/worcester/contact.html

AKSIE SAMARITAAN

Aksie Samaritaan het 'n groot behoefte aan seuns skoolskoene, grootte 1-5.

Indien jy kan help, kan die skoen by die kerkkantoor afgegee word.

DIE KOSMANDJIE

Hierdie week se **Spenslys**. Dit is die items wat ons **nou nodig** het, of moet aankoop. Help ons hiermee, asseblief?

- Koffie en Suiker
- Blikkies: groenertjies, groenbone, tamaties
- Sopmengsels: lensies, erte, bone (500g-sakkies)
- Tandepasta
- Skottelgoedseep

Dankie dat jy omgee!

Mandjie-groete

KLERE & VERE

Ja, ons skud alreeds vere reg vir die basaar en ons het JOU hulp nodig!

Bring asseblief noual enige skoene, handsakke, baadjies, truie, hemde, broeke, en wat ookal – solank dit skoon en heel is, gebruik ons dit graag.

Ons pak op die oomblik ook vir **Nuwerus** en vir **VGK Koelenhof**. Jy kan iets spesifiek vir hulle saamstuur; dui net so aan sodat ons weet.

Groetnis!

2 Vere

DE EIKE GHOLFDAG

15 Maart 2025
Jan Krielskool se baan
Sluit ‘n ete in
6-bal @ R275 per kop

Kontak Hennie Rootman by 082 444 4046 of die kerkkantoor as jy wil inskryf.

Ons kort ook nog donasies om te help om onkoste te dek.
As jy kan help of dalk net wil bydra tot die sukses, kan jy EFT in die kerk se rekening, gebruik asb die verwysing **“ Jou naam en Gholfdag”**

Spring sommer gou en skryf in of help met ‘n bydrae.
Saam maak ons die dag ‘n reuse sukses!!

KUILSRIVIER MOEDERGEMEENTE

'N UNIEKE MUSIEK- EN TEATERERVARING

Aanskou die Mens

'n Unieke musiek- en teaterervaring!

Bekroonde orrelis Winand Grundling en geliefde akteur Johann Nel neem jou op 'n emosionele reis deur ikoniese nuusgebeure soos die Hindenburg-lugramp, Hiroshima, die maanlanding, 9/11, en die Springbokke se 2023 Wêreldbeker-oorwinning.

Johann bring die nuus lewendig met teks deur Erns Grundling, terwyl Winand die orrel gebruik om bekende en verrassende temas te improviseer. ’n Intense kombinasie van geskiedenis, musiek en emosie wat die orrel as “kommentator” op ons verlede vier.

Sondag, 16 Maart 2025 om 16:00
Plek: Brackenfellgemeente
Kerkstraat, Brackenfell
Kaartjies by die deur: **R150**

WêRELDBIDDAG

U word hartlik uitgenooi na die

WêRELD BIDDAG VIR…

DAMES

Wanneer: Vrydag aand
7 Maart 2025
om 18h30

Waar: De Eike Konsistorie

Die Cook Eilande is vanjaar die gasvrou-land en die tema is Psalm 139 vers 14 – **Jy is wonderbaarlik gemaak.**

Kom geniet ‘n aand van gebed en kuier saam in geloof!

MANS

Wanneer: Saterdag oggend
8 Maart 2025
om 09h00

Waar: De Eike Kerksaal

Tommy O’Kennedy, hoof uitvoerende beampte van Halftimesa/lewensafrigter kom gesels oor die tema:

Hoe kan ek meer betekenisvol lewe?

Kom kuier en bid saam!

PREEKSKETS

TEMA – GESOEK?

Prediker: Ds Annelet Slazus

Skriflesing: Matteus 9:35 – 10:4

In my huis is daar altyd iets soek. As dit nie ‘n bril is nie, dan is dit sleutels, as dit nie sleutels is nie, dan is dit “wat gaan ons vanaand eet” en so in die soek na als, vergeet mens dikwels waarmee jy werklik besig was.

Dis nou baie tong in die kies gesê, maar dit is eintlik ‘n diep vraag: “Waarmee is ek werklik besig?” Ons lewe in ‘n wêreld wat konstant soekend is. Soekend na iets meer, soekend na iets beter, soekend na iets anders, soekend na iets, soekend...

In Matteus 9 vanaf vers 35, sien ons Jesus, en hy is besig met sy bedieningswerk. Hy is besig om mense te genees, mense te vertel van die evangelie, dat mense God vir hulle lief is en dat God in ‘n verhouding met hulle wil staan. Jesus preek dat God nie ‘n afsydige God is nie, maar dat God intiem, aktief en kreatief in hulle lewe betrokke is.

En dan op ‘n stadium kyk hy na die skare voor hom, en hy sien hulle raak. Hy sien hoe hulle bang is, hy sien hoe hulle verwese is, hy sien hoe hulle rigtingloos en moedeloos is. Hy sien hoe hulle soekend is. En dan kom Hy met ‘n plan.

Jesus daag ons uit met die vraag: “Waarmee moet julle werklik besig wees?” Ons ken die antwoord, dalk het ons net so bietjie vergeet terwyl ons so soek-soek besig is.